JAARVERSLAG
KLK LANDBOU BEPERK

2020

GEOGRAFIESE BEDIENINGSGEBIED



ONS BESIGHEID

VISIE

Jou betroubare vennoot met innoverende oplossings regdeur die landbou-voorsieningsketting.

MISSIE

Om innoverende oplossings te lewer ter bereiking van ons besigheidsdoelwitte in die verkryging, verwerking, verskaffing en verkoop van landboubenodighede, produkte, dienste en produkte vir nismarkte, tot voordeel van alle belangegroepe.

KERNWAARDES

- Behoeftegedrewe
- Deelnemend
- Integriteit
- Resultaatgedrewe
- Dinamies & Innoverend

HANDEL & BUILD IT

Die negentien handelstakke, uitgesluit *Build it*, strek oor ons geografiese gebied vanaf Pofadder in die weste, Kuruman in die ooste, Rietfontein in die noorde en Calvinia in die suide. Die vier *Build it*-boubenodighede konsessies is op Upington, Kathu, Kuruman en Postmasburg gevestig.

PETROLEUM & RYBANE

KLK Petroleum versprei grootmaat BP brandstof, gas en smeermiddels in die Noord-Kaap. Ons bedryf tans 11 rybane, nl. twee Engen, een Total en agt KLK-rybane, vanaf Olifantshoek tot Calvinia.

VLEISHANDEL

Die drie abattoirs te Carnarvon, Calvinia en Upington behartig die verslagting en verkope van lams- en beeskarkasse.

MOTORHANDEL

Die Motorhandel bestaan uit ‘n Nissan-, Datsun-, Isuzu- en Renault-agentskap asook ‘n tweedehandse motorhandelaar, KLK Auto.

LEWENDEHAWE

Gereelde veilings van vee, los goedere en uitverkopings vind plaas. Opgeleide KLK-bemarkers behartig skakeldienste en klassering van vee. KLK beskik oor ‘n 4 500 staankapasiteit skaapvoerkraal om diere markgereed te kry.

VERWERKING

SA Dorper behartig die verwerking en uitvoer van dorpervelle en die verwerking van beeshuide.

Carpe Diem Raisins is ‘n gevestigde handelsnaam in die internasionale rosyntjiemark. Carpe Diem koop, verwerk en verpak rosyntjieprodukte langs die Oranjerivierstreek en bemark hoofsaaklik in die buitelandse mark.

MAATSKAPPYSTRUKTUUR



Senwes Beperk hou die meerderheidsaandeel (57.67%) in KLK Landbou Beperk op verslagdoeningsdatum.

INHOUDSOPGAWE

1 Korporatiewe Inligting

2 Finansiële Oorsig & Statistiek

3 Raad van Direkteure

3 Uitvoerende Bestuur

4 Voorsittersverslag

5 Besturende Direkteur se Oorsig

7 Sosiale-en-Etiesekomiteeverslag

8 Korporatiewe Bestuursverslag

11 Volhoubaarheidsverslag

13 Oudit-en-Risikokomiteeverslag

14 Verklaring deur Maatskappysekretaris

15 Verklaring van Direkteursverantwoordelikheid en -goedkeuring

16 Onafhanklike Ouditeursverslag

17 Direkteursverslag

18 State van Finansiële Posisie

19 State van Omvattende Inkomste

20 State van Verandering in Ekwiteit

21 State van Kontantvloei

KORPORATIEWE INLIGTING

KORPORATIEWE INLIGTING

Maatskappy Registrasienommer:	1997/015589/06
Geregistreerde Kantoor:	Karakoelstraat 14 UPINGTON 8801
Posadres:	Posbus 86 UPINGTON 8800
Ouditeure:	Du Toit Van Den Heever Posbus 204 UPINGTON 8800
Bankiers:	ABSA Bank Posbus 1851 UPINGTON 8800
Maatskappysekretaris:	Grandville Marquard
Webblad:	www.klk.co.za

AANDEELHOUERSDAGBOEK

Finansiële Jaareinde:	28 Februarie
Algemene Jaarvergadering:	21 Julie 2020
Finansiële verslae:	
• Bekendmaking van resultate	29 Mei 2020
• Uitstuur van finansiële jaarstate	22 Junie 2020
• Tussentydse verslag vir die halfjaar tot Augustus	2 Oktober 2020

VOLLEDIGE VERSLAG

Hierdie uitgawe is die verkorte Afrikaanse 2020 Jaarverslag. Die volledige finansiële resultate in Engels is beskikbaar op www.klk.co.za of by KLK se geregistreerde kantoor.

FINANSIËLE OORSIG & STATISTIEK

OMSET



NETTO WINS NA BELASTING



BASIESE VERDIENSTE PER AANDEEL



DIVIDEND PER AANDEEL



OPBRENGS OP AANDEELHOUERSBELANG



AANDEELHOUERSBELANG



EKWITEITSVERHOUDING: EIE KAPITAAL



NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL



RAAD VAN DIREKTEURE

VOORSITTER

JS (Kobus) Marais (64)
- Voorsitter van die Raad van Direkteure
- Voorsitter van die Uitvoerende Komitee
- Voorsitter van die Sosiale en Etiese Komitee

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

BP (Piet) Botha (72)
- Voorsitter van die Menslikehulpbronkomitee
- Bedank as direkteur op 27 Mei 2019

WSB (Burger) du Toit (68)
- Lid van die Oudit-en-Risikokomitee
- Uitgetree as direkteur op 21 Julie 2020

VJ (Venete) Klein (61)
- Lid van die Menslikehulpbronkomitee

AR (Arend) Kotzé (57)
- Voorsitter van die Menslikehulpbronkomitee

CF (Corné) Kruger (47)
- Gekoöpteer as direkteur op 12 September 2019
- Lid van die Oudit-en-Risikokomitee

JDM (Danie) Minnaar (55)
- Gekoöpteer as direkteur op 13 September 2019

GC (Gert) Olivier (44)
- Lid van die Oudit-en-Risikokomitee

JPN (Pieter) Stander (58)
- Vise-voorsitter van die Raad van Direkteure
- Voorsitter van die Oudit-en-Risikokomitee
- Lid van die Uitvoerende Komitee
- Lid van die Sosiale en Etiese Komitee

F (Francois) Strydom (59)
- Gekoöpteer as direkteur op 10 September 2019
- Lid van die Menslikehulpbronkomitee

UITVOERENDE DIREKTEURE

SD (Stephen) van Huyssteen (64)
- Besturende Direkteur
- Lid van die Uitvoerende Komitee
- Lid van die Menslikehulpbronkomitee
- Lid van die Sosiale en Etiese Komitee

A (Arnold) Human (47)
- Finansiële Direkteur

UITVOERENDE BESTUUR

Stephen van Huyssteen (64)
- Besturende Direkteur

Cobus Booysen (61)
- Bestuurder: Menslike Hulpbronne

Arnold Human (47)
- Finansiële Direkteur

Jan Schutte (60)
- Bestuurder: Abattoirs en Lewendehawe

Phillip Swart (52)
- Bestuurder: Brandstof

Vivien Viviers (48)
- Bestuurder: Bedryf

Raffaelle Bicego (58)
- Besturende Direkteur: SA Dorper

Gog van der Colff (43)
- Besturende Direkteur: Carpe Diem Raisins

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Grandville Marquard (58)

VOORSITTERSVERSLAG

DIE HUIDIGE LANDBOU-OMGEWING

Die ekonomiese en politieke probleme waarna in die 2019-voorsittersverslag verwys is, het geensins verdwyn nie, maar het met die aardverskuiwende gevolge en impak van die COVID-19-pandemie geïntensiveer. Die finale omvang en totaliteit kan tans nie met sekerheid bereken word nie. Alhoewel die impak daarvan die negatiewe toestand van die Suid-Afrikaanse ekonomie en sosio-ekonomiese werklikhede oorskadu, kan dit nie los daarvan beskou word nie. Die onvermydelike toename in werkloosheid is een voorbeeld van 'n gevolg wat ons samelewing buitengewoon negatief sal beïnvloed. President Ramaphosa se tydige hantering van die epidemie was positief. 'n Gegronde vrees bestaan egter dat die regering nie oor die nodige vermoë en politieke wil beskik om deurlopend die regte beleidsbesluite te neem en te implementeer nie.

Die droogte duur steeds voort in groot dele van die bedieningsgebied van KLK. Die geweldige impak daarvan in die westelike dele van die land, en veral op die platteland, het 'n direkte invloed op al die inwoners van die gebied, en indien dit wel in die volgende seisoen sou reën, sal herstel op verskeie gebiede nog jare neem.

Inaggenome die swak toestand van die staatsdiens reeds voor die COVID-19-pandemie, beskik die staat nie oor die vermoë om noodsaaklike dienste na behore te lewer nie. Die verlies aan bio-sekuriteit van landbouprodukte is steeds een van die grootste vrese. Dit skep onsekerheid, veral met betrekking tot die uitbreek van aanmeldbare siektes en die gepaardgaande impak op uitvoermarkte.

Die goeie reëns wat in die sentrale deel van die land geval het, het meegebring dat een van die grootste mielieoeste in die geskiedenis tans ingesamel word. Dit sal nie slegs bydra tot voedselsekerheid nie, maar ook 'n broodnodige kapitaal-inspuiting vir die landbousektor wees. Dit kan nie oorbeklemtoon word nie dat 'n gesonde landbousektor nie slegs van kardinale belang is vir die Suid-Afrikaanse ekonomie nie, maar ook die grondslag vir ekonomiese herstel moet vorm. Dit is dus uiters belangrik dat die regering die nodige klimaat moet skep waarin die landbousektor kan floreer.

Gegewe hierdie omstandighede, word KLK 'n al hoe meer beduidende rolspeler in die westelike gebied van die Noord-Kaap. KLK is op die meeste van die afgeleë dorpe die grootste werkgewer en verskaffer van dienste en sal, solank dit op 'n verantwoordelike en volhoubare wyse gedoen kan word, hierdie rol bly vervul. KLK leef sy gemeenskapsbetrokkenheid ook op spesifieke wyses uit, bv. deur sy Wiskunde- en Wetenskapprojekte wat verskeie onderwysers en leerders uit verafgeleë skole betrek.

RESULTATE

Die verdienste van R51.6 miljoen verteenwoordig 'n 1%-daling vergeleke met die vorige jaar. Die wesensverdienste per aandeel daal vanaf 310 sent per aandeel tot 292 sent per aandeel. SA Dorper en die Brandstofafdeling het beter presteer as in die vorige jaar, terwyl die Handelsafdeling dieselfde resultate as verlede jaar behaal het. Die Vleis-, Lewendehawe- en Motorafdeling het ietwat swakker presteer as in die vorige jaar weens 'n swak mark asook die natuur en ekonomiese toestande.

Onder die huidige omstandighede is die resultate bevredigend.

KORPORATIEWE BESTUUR

Dit is weereens aangenaam om te rapporteer dat KLK op 'n verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word. Die Direksie is daartoe verbind om in hierdie moeilike omstandighede KLK met die nodige verantwoordelikheid en omsigtigheid te bestuur en sy verantwoordelikheid teenoor alle aandeelhouers, personeel en kliënte na te kom. Die benadering tot goeie korporatiewe bestuur van die King IV-verslag word gevolg. Alle komitees is aktief en voer hul pligte op 'n verantwoordelike wyse uit. Die Oudit-en-Risikokomitee vervul 'n besonder belangrike rol en kom sy pligte nougeset na.

DIVIDEND

Na aanleiding van die onsekerheid en negatiewe inpak van die COVID-19-pandemie beveel die Direksie aan dat vir 2020 die dividend per gewone aandeel opgeskort word.

DIE PAD VORENTOE

KLK het reeds vir die huidige finansiële jaar die negatiewe impak van die droogte verreken en gaan nou voort om op 'n verantwoordelike wyse die onsekerhede en die impak van die COVID-19-pandemie aan te spreek.

KLK se balansstaat is egter kerngesond en onder hierdie uitdagende ekonomiese omstandighede, kan daar ook geleenthede na vore kom. Dit is 'n hoë prioriteit vir KLK se Direksie om nuwe geleenthede te ondersoek en sodoende aandeelhouerswaarde op 'n volhoubare wyse te laat groei. Dit is ook belangrik om die kritiese massa van die KLK-groep te verbeter en diversifikasie verder te bewerkstellig. Die soeke na relevante besigheidsmodelle om die waardeposisie van die produsent en kliënt te bevorder, is deel van die langtermynstrategie. KLK is finansieel goed geposisioneer om nuwe geleenthede te benut.

In ooreenstemming met hierdie benadering, het die finale afhandeling van die Senwes-transaksie meegebring dat Senwes Beperk nou die meerderheidsaandeel in KLK hou. Binne Senwes Beperk se Groep van Maatskappye word geleenthede ondersoek wat kan lei tot verdere uitbouing van KLK.

Dit is ook aangenaam om aan te kondig dat KLK se Direksie besluit het om sy belang in Carpe Diem Raisins (Edms.) Bpk. (voortaan CDR) te vergroot. CDR is een van KLK se belangrikste beleggings en die Direksie het volle vertroue dat die CDR-bestuur sal voortbou op die reeds gevestigde sukses. Hierdie belegging bied aan KLK 'n verdere geleentheid om die bogenoemde doelwitte te bereik, aandeelhouerswaarde te laat groei en KLK se samestelling verder te diversifiseer.

VOORSITTERSVERSLAG
VERVOLG

BEDANKINGS

Dit is vir my 'n voorreg om mnr. Pieter Stander as Ondervoorsitter en al die direkteure te bedank vir hul toewyding, lojaliteit en insette wat bygedra het tot die sukses wat behaal is in 'n jaar van groot verandering. Dit is ook aangenaam om die drie direkteure van Senwes Beperk, mnre. Danie Minnaar, Francois Strydom en Corné Kruger, op die Direksie te verwelkom. Hul toetrede versterk die Direksie en hul insette maak reeds 'n beduidende verskil.

Mnr. Burger du Toit, wat na 18 jaar uittree, se onafhanklike en deurdagte wyse waarmee hy deur die jare opgetree het, sal 'n leemte laat, veral sy bydrae as lid van die Oudit-en-Risikokomitee.

KLK se Besturende Direkteur, mnr. Stephen van Huyssteen, verdien besondere dank vir die kundigheid, leierskap, toewyding en volgehoue werksywer waarmee hy onvermoeid sy taak verrig. Die wyse waarop die Bestuur en personeel hierdie jaar met sukses afgehandel het, spreek hiervan.

Dankie aan 'n bekwame en lojale personeelkorps vir harde werk en getroue diens. Dank aan die sakevennote, kliënte en aandeelhouers vir volgehoue ondersteuning.

JS MARAIS
VOORSITTER

BESTURENDE DIREKTEUR SE OORSIG

EKONOMIESE EN LANDBOUTOESTANDE

Die wêreldekonomie het in 2019 stoom verloor en slegs 2.9% gegroei terwyl die Suid-Afrikaanse BBP met slegs 0.2% gegroei het, die swakste groeikoers sedert die finansiële krisis van 2008/2009.

In Suid-Afrika was die inflasiekoers van 4.1% vir 2019 laer as verwag omrede voedselpryse en huisprysinflasie laer as die langtermyn-gemiddeldes was.

Die grootste drywer vir bogenoemde onderprestasie in ekonomiese groei was handelsbeleidkonflik tussen die VSA en China, swak vraag, hoë werkloosheid en die droogte in groot dele van die westelike dele van Suid-Afrika.

Die COVID-19-pandemie is die grootste ontwrigting van die wêreldekonomie in 2020 en skep ongekende onsekerheid. Suid-Afrika was reeds in 'n resessie aan die begin van 2020 en die ekonomiese situasie sal dramaties verswak met rekordvlakke van werkloosheid en likiditeitsdruk vir die meeste individue, maatskappye asook die vervaardigingsektor, met 'n gepaardgaande verwagting van toename in staatskuld.

Die COVID-19-pandemie, die voortslepende droogte en die verswakkende Suid-Afrikaanse ekonomie gee aanleiding tot ongekende onsekerheid in die komende jaar.

KLK het die inperking ingegaan met 'n sterk balansstaat, goeie kontantposisie en 'n lae kostestruktuur wat wel dien as buffer teen die skokke, maar sal nie die negatiewe impak van die COVID-19-pandemie op KLK se besigheidsmodelle en -resultate, vryspring nie.

FINANSIËLE OORSIG

Die goeie resultate van KLK word hoofsaaklik toegeskryf aan die styging in winsbydraes van SA Dorper (huide en velle) en die Brandstofafdeling, met die Handelsafdeling wat soortgelyke resultate as laasjaar behaal het. Die Vleis-, Lewendehawe- en Motorafdeling het swakker presteer as die vorige jaar terwyl Carpe Diem Raisins 'n laer winsbydrae gelewer het.

FINANSIËLE HOOFTREKKE

		2020	2019	%
Inkomste	(R'm)	2 545.9	2 469.6	3.1
Wins voor belasting	(R'm)	111.3	117.2	(5.0)
Bedryfswinsmarge	(%)	4.6	4.8	(4.2)
Verdienste	(R'm)	51.6	52.1	(1.0)
Basiese verdienste per aandeel	(sente)	300.2	303.3	(1.0)
Wesensverdienste per aandeel	(sente)	291.7	309.9	(5.9)
Kapitaalspandering	(R'm)	50.6	47.5	6.5
Opbrengs op aandeelhouersbelang	(%)	12.4	13.8	(10.1)
Netto toename/(afname) in bank en kontant	(R'm)	(5.4)	0.9	(700.0)
Dividend per aandeel	(sente)	-	73	(100.0)
Effektiewe belastingkoers	(%)	30.7	29.4	4.4
Netto batewaarde per aandeel	(sente)	2 420.6	2 193.3	10.4
Ekwiteitsverhouding	(%)	64.9	68.1	(4.7)

BESTURENDE DIREKTEUR SE OORSIG
VERVOLG

OMVATTENDE INKOMSTESTAAT

Inkomste
Die groepsinkomste het met 3.1% toegeneem tot R2 545.9 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van die verhoogde verkope van handelsprodukte, hoër rosyne-volume en die swakker wisselkoers.

Verdienste
Die verdienste van R51.6 miljoen verteenwoordig 'n marginale daling van 1.0% vergeleke met die vorige jaar. Die wesensverdienste per aandeel het vanaf 309.9 sent per aandeel tot 291.7 sent per aandeel verminder.

Die bedryfswinsmarge van 4.6% was ietwat laer as die vorige jaar, terwyl die wins voor belasting vanaf R117.2 miljoen tot R111.3 miljoen afgeneem het, hoofsaaklik as gevolg van die laer winsvlakke van Carpe Diem Raisins.

FINANSIËLE POSISIE

Die netto bedryfskapitaal het met R44.7 miljoen verhoog, hoofsaaklik weens 'n toename, onderskeidelik in voorraad van R43.0 miljoen en handelsdebiteure van R0.2 miljoen, asook 'n afname in handelskrediteure van R1.5 miljoen.

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite was positief met R53.0 miljoen nadat netto bedryfskapitaal met R44.7 miljoen toegeneem het en belasting van R26.8 miljoen betaal is.

Aanleg en Toerusting van R50.6 miljoen is aangekoop.

'n Kontantdividend van R20.1 miljoen is gedurende die oorsigjaar betaal. Die netto resultaat van bogenoemde was dat die kontantposisie van die Groep met 5.4 miljoen verminder het vanaf R63.1 miljoen tot R57.7 miljoen.

SEGMENTRESULTATE

Die bedryfsaktiwiteite van die Groep word vir bestuursdoeleindes in vyf segmente verdeel, naamlik Handel, Vleis, Brandstof, Motors en Verwerking.

SEGMENTINKOMSTE EN -RESULTATE

Segmentinkomste	**2020**	**2019**
		R'm
Handelsafdeling	767	683
Vleisafdeling	445	492
Brandstofafdeling	628	648
Motorafdeling	108	105
Verwerkingsafdeling	598	541
Totale Inkomste	**2 546**	**2 469**

Segmentwins voor belasting	**2020**	**2019**
		R'm
Handelsafdeling	24.7	24.0
Vleisafdeling	(1.8)	(0.6)
Brandstofafdeling	39.3	34.1
Motorafdeling	1.8	3.0
Verwerkingsafdeling	73.9	82.3
Bedryfswins	**137.9**	**142.8**
Korporatief	(26.6)	(25.6)
Wins voor belasting	**111.3**	**117.2**

Handelsafdeling
Die Handelsafdeling se inkomstestroom is saamgestel uit 19 handelstakke en vier *Build-It*-konsessiewinkels. Dit was 12.3% hoër as die vorige jaar. Die Handelsafdeling dra 17.9% (2019: 16.8%) by tot die Groep se bedryfswins.

Vleisafdeling
Die vleis- en abattoir-bedrywe van KLK is saamgestel uit drie abattoirs, lewendehawe-veilings en die skaapvoerkraal.

Die Vleisafdeling se inkomste het met 9.6% gedaal en verteenwoordig 17.5% van die groepsinkomste. Die daling in A-graad lams- en beeskarkaspryse van onderskeidelik 9.1% en 6.8% teenoor die vorige jaar was die gevolg van die swak verbruikersvraag en hoër slaggetalle. Dorpervelpryse het met 10% gestyg terwyl wolvel-, afval- en beeshuidpryse skerp gedaal het. Die verhoogde skaap- en lamslagvolumes van die drie abattoirs kon nie die daling in inkomste teenwerk nie.

Alhoewel die Abattoirs en Voerkraal beter resultate as die vorige jaar behaal het, het die Lewendehawe-veilings swakker presteer en gevolglik veroorsaak dat die Vleisafdeling 'n bedryfsverlies getoon het.

Brandstofafdeling
Die Brandstofafdeling word saamgestel uit die kleinhandelbrandstof van die 11 rybane asook KLK Petroleum, die groothandel-verspreidingsarm van KLK.

Die verkoopsvolume van petrol en diesel, vir beide KLK se Rybane en Groothandel, het weereens gedaal terwyl die marges per liter en brandstofpryse verder verbeter het.

Die inkomste van die Brandstofafdeling verteenwoordig 24.7% van die groepsinkomste en dra 28.5% (2019: 23.9%) by tot die Groep se bedryfswins.

Motorafdeling
Die Motorafdeling is saamgestel uit die Nissan-, Datsun-, Isuzu- en KLK Auto-motorhandelaarskap. Die Renault-motorhandelaarskap het 'n goeie jaar beleef.

BESTURENDE DIREKTEUR SE OORSIG
VERVOLG

Die Motorafdeling se inkomste het met 2.9% toegeneem en verteenwoordig 4.2% van die groepsinkomste, terwyl die afdeling se bydrae tot die Groep se bedryfswins minimaal is.

Verwerkingsafdeling
Hierdie afdeling verteenwoordig die inkomstestroom vanuit SA Dorper (huide en velle) asook Carpe Diem Raisins. Beide die besigheidseenhede bemark hul finaal verwerkte produkte, nl. velle en rosyne in internasionale markte (hoofsaaklik Europa), en die huide word in terme van 'n verwerkingsooreenkoms aan die motormark gelewer.

Die inkomste van die Verwerkingsafdeling verteenwoordig 23.5% van die groepsinkomste en het 53.6% (2019: 57.6%) bygedra tot die Groep se bedryfswins.

In Maart 2020 is die oorblywende 37.5% belang in Cool Raisins (Edms) Bpk verkry en dit is dus nou 'n volfiliaal van Carpe Diem Raisins.

KLK het die opsie uitgeoefen om 'n verdere 30%-belang in Carpe Diem te koop. Hierdie ooreenkoms is in Junie 2020 onderteken en voortaan sal KLK 'n 80%-belang in Carpe Diem Raisins besit.

VOORUITSIGTE

Nieteenstaande die feit dat KLK se besigheidsmodel en bedryfsamestelling 'n kombinasie van diversifikasie tussen tradisionele landboubedrywighede en waardetoevoeging in landbou en landbouverwante bedrywe verteenwoordig, sal die uitdagende landbou- en handelstoestande, die ekonomiese onsekerheid en die COVID-19-pandemie beslis 'n wesenlike impak op KLK in die komende jaar hê.

Daarom sal dit 'n verskerpte fokus verg om streng risikobeheer en koste- en-margebestuur toe te pas, asook herstrukturering en verandering vereis in sommige besigheidseenhede en modelle, sodat aanvaarbare resultate in die komende jaar gelewer kan word.

BEDANKINGS

Dankie aan KLK se produsente, kliënte, diensverskaffers en sakevennote vir u lojale ondersteuning en die belangrike rol en bydrae wat u maak om KLK relevant en volhoubaar te laat voortbestaan.

'n Spesiale dank aan die Direksie en Bestuurspan vir die leiding en besluitneming asook die passie waarmee u met trots KLK se strategie, identiteit en beeld ondersteun en uitleef.

Dankie aan elke personeellid wat weereens bly fokus het op operasionele effektiwiteit en doelwitte, en in 'n uitdagende jaar so onbevange bygedra het tot nog 'n suksesvolle jaar.

SD VAN HUYSSTEEN
BESTURENDE DIREKTEUR

SOSIALE-EN-ETIESEKOMITEEVERSLAG

Die Sosiale en Etiese Komitee bestaan uit twee nie-uitvoerende direkteure, die Besturende Direkteur en die Maatskappysekretaris en word jaarliks deur die Direksie aangewys en vergader een keer per jaar.

ROL, VERANTWOORDELIKHEDE EN SLEUTELFUNKSIES

Die komitee se rol, verantwoordelikhede en funksies word voorgeskryf deur die Maatskappywet 71 van 2008 en is verder uiteengesit in 'n formele handves wat op 3 Maart 2020 hersien en goedgekeur is.

Die komitee vervul 'n oorsigrol en is verantwoordelik vir die monitering, advisering en verslagdoening aan die Direksie en aandeelhouers oor KLK se handelinge, praktyke en prestasie ten opsigte van:

- sosiale en ekonomiese ontwikkeling en investering;
- etiek, gedragskode en voldoening aan relevante wetlike vereistes;
- goeie korporatiewe burgerskap;
- die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid;
- verhoudinge met alle belanghebbendes;
- verantwoordelike en deursigtige belastingpraktyke;
- arbeidsverhoudinge en werksomstandighede;
- gelyke geleenthede en indiensnemingspraktyke; en
- billike vergoeding.

Die komitee het die prestasie en handeling as verantwoordelike, korporatiewe en sosiale rolspeler oorweeg met verwysing na die Groep se bedrywighede, spesifieke wetgewing, wetlike vereistes, gedragskode en beste praktyke, soos wat die mandaat bepaal. Die Voorsitter van die komitee sal tydens die Algemene Jaarvergadering vrae beantwoord en die verslag mondelings toelig, waar nodig.

MENING

Die komitee is van mening dat die Groep se nakoming van sosiale en etiese vereistes voldoen aan alle wetgewing, sowel as dit wat van 'n verantwoordelike korporatiewe burger verwag word.

JS MARAIS
VOORSITTER: SOSIALE EN ETIESE KOMITEE

KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG

KLK onderskryf en handhaaf die hoogste standaarde van korporatiewe bestuur in handelinge met alle belangegroepe. Dit beteken dat die Raad deursigtig en aanspreeklik is teenoor almal wat deur die besigheid geraak word.

Die Raad onderskryf die waardes van en aanvaar, sover prakties moontlik, die omvattende benadering tot goeie korporatiewe bestuur, soos vervat in die King IV-verslag. Die direkteure erken dat goeie korporatiewe bestuur werklik gemeet word aan leierskap en dat die behoefte bestaan om die besigheid met integriteit en die voldoening aan die beste praktyke te bedryf. Die Direksie en individuele direkteure oorweeg deurgaans alle wetgewing en kodes om te verseker dat daar sover prakties moontlik voldoen word aan goeie korporatiewe bestuur.

Waar daar afgewyk word van spesifieke voorskrifte, het die Direksie hom daarvan vergewis dat die afwyking regverdigbaar en in die beste belang van KLK is.

KLK se korporatiewe bestuursbeleid verseker dat die drie pilare van volhoubaarheid, naamlik ekonomiese, sosiale en omgewingspraktyke op 'n gestruktureerde wyse toegepas en geëvalueer word sodat die fundamentele beginsels van redelikheid, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en deursigtigheid sigbaar sal wees. KLK is daartoe verbind om op die mees gepaste wyse verslag te doen aangaande aangeleenthede wat alle belangegroepe raak.

Die **Raad van Direkteure** is saamgestel uit nege nie-uitvoerende en twee uitvoerende direkteure, en is oorhoofs verantwoordelik vir die strategie en prestasie van die Groep. Die prosedure met die verkiesing en aanstelling van direksielede is formeel en deursigtig. In terme van die Statute van die Maatskappy is die dienstermyn van nie-uitvoerende direkteure drie jaar, waarna hulle moet uittree by wyse van rotasie. Uittredende direkteure kan herkies word. Die Raad is van opinie dat alle nie-uitvoerende direkteure 'n onafhanklike mening huldig insake wesenlike besluite wat die Groep en sy besigheid raak. In nakoming van sy verantwoordelikheid vergader die Direksie vyf keer per jaar en maak ook gebruik van komitees om hom te adviseer oor oudit-, risiko-, sosiale en etiese, vergoedings- en beleidsaangeleenthede.

Die Voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur wat jaarliks deur die Direksie aangewys word. Die rol van Voorsitter en Besturende Direkteur is verdeel, en 'n duidelike onderskeid van pligte en verantwoordelikhede bestaan wel. Die Raad dui die rigting aan onder voorsitterskap van mnr. Kobus Marais.

Die Raad het volle en effektiewe beheer oor KLK en evalueer die Uitvoerende Bestuur se implementering van aksieplanne en strategieë. Die Raad bepaal goedkeuringsmagte en reserveer spesifieke magte in homself en delegeer ander bevoegdhede met die nodige skriftelike magtiging aan Bestuur. Die Raad het 'n omvattende beheer- en kontrole-omgewing daargestel wat verseker dat risiko's beperk en KLK se doelwitte nagestreef word. Hierdie beheeromgewing skep die kultuur vir KLK en behels etiese waardes, die bestuursfilosofie en bevoegdheid van werknemers.

KLK het 'n formele beleid wat deur die Raad vasgestel is en deur die Maatskappysekretaris toegepas word rakende die verhandeling van aandele deur Bestuur, direkteure en sy werknemers gedurende vasgestelde periodes, voor die aankondiging van die finansiële resultate of in enige ander periode wat as sensitief beskou word.

Die nie-uitvoerende direkteure se vergoeding bestaan uit 'n vaste jaarlikse vergoeding vir dienste as direkteur, 'n addisionele vaste vergaderingsfooi vir pligte met betrekking tot komitees en vergoeding vir reis- en ander koste. Uitvoerende direkteure se vergoeding bestaan uit werknemersvergoeding en hulle ontvang geen spesifieke vergoeding vir dienste as direkteur nie. Besonderhede van direkteure se vergoeding vir die afgelope jaar verskyn in aantekening 17 tot die finansiële jaarstate soos gepubliseer op www.klk.co.za

Besonderhede van die direksielede se bywoning van raads- en komiteevergaderings word op bl. 9 uiteengesit.

Die Raad en sy komitees word voorsien van relevante, tydige en volledige inligting wat hulle bemagtig om hul verantwoordelikhede uit te voer. Die komitees funksioneer aan die hand van duidelik omskrewe mandate wat hul pligte, bevoegdhede en verantwoordelikhede uiteensit.

Die **Oudit-en-Risikokomitee** bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure van die Groep. Die komitee vergader op 'n gereelde basis met die interne en eksterne ouditeure, ook sonder die teenwoordigheid van Bestuur. Die Voorsitter van die Direksie, die Besturende Direkteur en die Finansiële Direkteur woon vergaderings op uitnodiging by. In samewerking met senior lede van Bestuur hersien die Oudit-en-Risikokomitee die Groep se risikoprofiel by twee vergaderings per jaar, is verantwoordelik vir die totale proses van risikobestuur en bepaal die risikostrategie wat gebaseer word op die behoefte om risiko's te identifiseer, evalueer en bestuur.

Die **Menslikehulpbronkomitee** bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure, die Menslikehulpbronbestuurder en die Besturende Direkteur, en word jaarliks deur die Direksie aangewys. Die komitee vergader ten minste twee keer per jaar en is verantwoordelik vir die evaluering en goedkeuring van die vergoedingsbeleid van KLK. Die vergoedingsfilosofie het ten doel om die nodige kundigheid te werf sodat besigheidsdoelwitte bereik kan word. Dit bepaal ook markverwante vergoeding wat gebaseer word op persoonlike en maatskappyprestasie. Die Besturende Direkteur en Menslikehulpbronbestuurder woon die vergaderings by, maar word uitgesluit tydens die evaluering van hul vergoeding.

Die **Uitvoerende Komitee** bestaan uit die Voorsitter en Vise-voorsitter van die Direksie asook die Besturende Direkteur. Die Uitvoerende Komitee vergader oor aangeleenthede waarvan die dringendheid nie kan oorstaan tot die volgende direksievergadering nie en verwys wesenlike besluite na die Raad vir goedkeuring.

Die **Interne Ouditafdeling** is die onafhanklike evalueringsfunksie wat die besigheidsrisiko's, interne finansiële kontroles en operasionele stelsels ondersoek en verslag doen insake nie-voldoening en wesenlike tekortkominge. Die bevindinge van die Interne Ouditafdeling word aan die Ouditkomitee, Bestuur en eksterne ouditeure gerapporteer vir aksie en oplossing. Die doel, magte en verantwoordelikheid van die interne ouditfunksie is formeel geïdentifiseer in die ouditthandves wat deur die Raad goedgekeur is. Die interne ouditplan, soos goedgekeur deur die Ouditkomitee, word gebaseer op risiko-evaluering en aangeleenthede wat deur die Ouditkomitee en Bestuur uitgelig word.

Die **Maatskappysekretaris** van die Groep vervul 'n noodsaaklike funksie in die korporatiewe bestuursproses en ondersteun die Direksie met die uitvoering van hul pligte en verantwoordelikhede, in ooreenstemming met toepaslike wette en regulasies. Die Direksie het onbeperkte toegang tot die dienste van die Maatskappysekretaris terwyl die Maatskappysekretaris onbeperkte toegang het tot die Voorsitter van die Direksie.

Die **Sosiale en Etiese Komitee** staan die Direksie by deur te moniteer en verslag te doen oor die Maatskappy se handelinge en prestasie, as goeie en verantwoordelike korporatiewe burger, ten opsigte van sosiale, omgewings-, etiese en transformasiepraktyke.

Die komitee bestaan uit twee nie-uitvoerende direkteure, die Besturende Direkteur en die Maatskappysekretaris en word jaarliks deur die Direksie aangewys.

Die komitee het 'n formele handves en verwysingsraamwerk aangeneem wat die rol, funksies en verantwoordelikhede, soos omskryf deur die Maatskappywet 71 van 2008, insluit.

Die Voorsitter van die Sosiale en Etiese Komitee, mnr. Kobus Marais, sal tydens die Algemene Jaarvergadering beskikbaar wees om vrae te beantwoord ten opsigte van die statutêre pligte van die komitee.

Die lopendesaakbeginsel is toegepas met die opstel van die finansiële jaarstate, in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS). Die Direksie het hierdie finansiële jaarstate asook die kapitaalstruktuur, finansieringskapasiteit, begrotingsplan, kontantvloei en winsgewendheid vir die komende finansiële jaar oorweeg, ten einde sy mening te vorm oor die Groep se vermoë om as lopende saak voort te bestaan. Die Direksie se mening word op bl.15 uiteengesit in die Verklaring van Direkteursverantwoordelikheid en -goedkeuring.

BYWONING VAN RAADS- EN KOMITEEVERGADERINGS

	Raad	Uit-voerende Komitee	Oudit-en-Risiko-komitee	Menslike-hulpbron-komitee	Sosiale en Etiese Komitee
GESKEDULEERDE VERGADERINGS	**5**	**2**	**4**	**2**	**1**
BP Botha (bedank op 27 Mei 2019)	-	-	-	1	-
WSB du Toit	5	-	4	-	-
A Human	5	-	4	-	-
VJ Klein	4	-	-	2	-
AR Kotzé	4	-	-	1	-
CF Kruger	2	-	2	-	-
JS Marais	5	2	-	-	1
JDM Minnaar	2	-	-	-	-
GC Olivier	5	-	4	-	-
JPN Stander	5	2	4	1	1
F Strydom	2	-	-	1	-
SD van Huyssteen	5	2	4	2	1

In alle gevalle van afwesigheid is vooraf verskoning gemaak.

AANDEELSTATISTIEK

Aandeelhouers met 'n 5%-belang of meer soos op verslagdoeningsdatum

Senwes Beperk	57.67%
Subtropico Beperk	32.35%

Verhandeling en Aandeelprysstatistiek

Gemiddelde verhandelingsprys - vir die maand Maart 2019	R18.09
Gemiddelde verhandelingsprys - vir die maand Februarie 2020	R19.00
Geweegde gemiddelde verhandelingsprys - vir die jaar 2020	R19.48
Totale waarde verhandel - 2020	R214 052 444
Aantal aandele verhandel - 2020	10 987 365
Persentasie van uitgereikte aandele verhandel - 2020	63.96%
Netto batewaarde per aandeel	R24.21
Dividend opbrengskoers	3.9%

AANDEELHOUERSPROFIEL

Verspreiding van aandeelhouers

Portefeuljegrootte	Aantal aandeelhouers	% van aantal aandeelhouers	Aantal aandele	% van uitgereikte aandele
1 tot 499	155	21.4	18 958	0.11
500 tot 999	188	26.0	136 363	0.79
1 000 tot 1 999	169	23.4	234 851	1.37
2 000 tot 4 999	146	20.2	461 417	2.69
Meer as 5 000	65	9.0	16 323 742	95.04
	723	**100.0**	**17 175 331**	**100.0**

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

KORPORATIEWE BESTUURSBELEID

KLK as Groep besef die belangrikheid van die rol as verantwoordelike korporatiewe burger en dat volhoubaarheid nie net gemeet word aan finansiële prestasie nie.

Volhoubaarheid behels ook die versekering dat die drie pilare, naamlik ekonomiese, sosiale en omgewingspraktyke op 'n gestruktureerde wyse toegepas en geëvalueer word om op medium- en lang termyn voort te bestaan en sukses te behaal.

KLK bly verbind tot:

- die hoogste standaarde van integriteit in alle handelinge en transaksies met belangegroepe en die gemeenskap in geheel;
- die doen van besigheid volgens billike kommersiële en kompeterende praktyke;
- handel met klante en diensverskaffers wat etiese besigheidspraktyke ondersteun;
- nie-diskriminerende indiensnemingspraktyke en die bevordering en ontwikkeling van werknemers om sodoende hulle volle potensiaal te bereik deur opleiding en ontwikkeling van hul vaardighede; en
- proaktiewe optrede ten opsigte van omgewings- en sosiale aangeleenthede.

WERKNEMERSTATISTIEK

	2020	2019
Aantal werknemers	1 329	1 439
Werknemersvergoeding (R'm)	129.8	124.5
Inkomste per werknemer (R'000)	1 916	1 716
Bedryfswins per werknemer (R)	88 074	81 782

OMGEWING

KLK erken dat hy 'n wetlike en morele verantwoordelikheid het teenoor die omgewing, sy werknemers, sy kliënte en die gemeenskap.

Die Groep het ten doel om die beste omgewingspraktyke toe te pas en alle wetlike nakomingsvereistes word streng nagekom.

VERGOEDINGSFILOSOFIE

Die doel van vergoeding is om die nodige kundigheid te werf, te behou, te motiveer en te vergoed ten einde die Groep se besigheidsdoelwitte te kan bereik.

Die vergoedingsbeleid tref onderskeid tussen 'n markverwante, gewaarborgde vergoeding en 'n korttermyn-prestasievergoeding. Die vergoedingsbeleid vorm 'n integrale deel van die menslikehulpbronplan wat insluit prestasiebestuur, opvolgbeplanning asook opleiding en ontwikkeling.

INDIENSNEMING, OPLEIDING EN ONTWIKKELING

KLK streef daarna om, in ooreenstemming met die Wet op Gelyke Indiensneming, aan alle werknemers die geleentheid te bied om hul volle potensiaal te verwesenlik. Daar bestaan geen diskriminasie in die werkplek, beleidstoepassing of diensvoorwaardes nie, en alle werknemers het gelyke toegang tot alle voordele of skemas wat aangebied word.

Die Bestuur en personeel van KLK is deurlopend betrokke by die bepaling van opleidings- en ontwikkelingsbehoeftes, asook die implementering en monitering van 'n gelykegeleentheidsplan.

Die wetlike voorgeskrewe arbeidsplan word jaarliks by die Departement van Arbeid ingedien en die doelwitte daarin gestel, word deurlopend geëvalueer en bestuur.

GESLAG- EN RASSESAMESTELLING

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Totaal
	S	K	I	B	S	K	I	B	
Topbestuur	0	0	0	3	0	0	0	0	**3**
Senior Bestuur	0	1	0	21	0	0	0	4	**26**
Middelbestuur en spesialiste	5	4	0	60	1	1	0	17	**88**
Junior Bestuur en toesighouers	91	33	0	27	4	23	0	68	**246**
Semi-geskoolde werknemers	40	67	0	9	6	44	1	14	**181**
Ongeskoolde werknemers	218	363	0	3	29	163	0	9	**785**
TOTAAL	**354**	**468**	**0**	**123**	**40**	**231**	**1**	**112**	**1329**

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG
VERVOLG

BEROEPSGESONDHEID EN -VEILIGHEID

KLK beskik oor 'n Veiligheidskomitee wat tweemaandeliks vergader en gereeld aan die Oudit-en-Risikokomitee verslag doen insake voldoening aan die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid. Die skep van 'n veilige werksomgewing vir alle werknemers en belanghebbendes bly vir KLK 'n prioriteit.

As 'n verskaffer in die vleisvoorsieningsketting, voldoen KLK se Abattoirs aan die strengste standaarde van voedselveiligheid en word die Abattoirs voortdurend gemonitor deur interne en eksterne partye.

KORPORATIEWE SOSIALE BELEGGING

Korporatiewe sosiale betrokkenheid is 'n filosofie wat KLK nastreef deur die ondersteuning wat KLK aan verskeie liefdadigheidsorganisasies bied.

KLK ondersteun organisasies in dieselfde geografiese area waarin KLK sy bedryfsaktiwiteite bedryf. Opheffing en opvoeding vorm die kern van KLK se sosiale verantwoordelikheidsprogram. KLK het gedurende die afgelope jaar verskeie nasionale en provinsiale organisasies asook plaaslike boereverenigings geborg.

LAPA/ORPA Lees-en-skryfprojek
In samewerking met Oranjerivier Produsente Alliansie (ORPA) en LAPA uitgewers is KLK steeds betrokke by die geletterdheidsprojek. Maandelikse byeenkomste vind na gelang van beskikbaarheid van lesers plaas. Lesers neem steeds boeke uit op 'n leenbasis, soos 'n tuisbiblioteek.

Die totale koste om die projek te ondersteun, beloop R6 000 per jaar.

Tegniese vaardigheidsontwikkeling te Palms, Groblershoop
KLK is steeds betrokke by hierdie projek en subsidieer jaarliks ontwikkeling teen R15 000 per kursus. 'n Totaal van drie kursusse is aangebied in die 2019/2020-boekjaar, met 29 persone wat opgelei is en 'n koste van R45 000 meegebring het.

Wiskunde lenteskool
KLK het weer die Wiskundeprojek befonds in samewerking met Hoërskool Duineveld en die Departement van Onderwys, waar Wiskunde-onderrig vir graad 12-leerders en onderwysers aangebied is. Die geleentheid word aan alle skole in die ZF Mgcawu distrik gegun om onderwysers en leerders beter te bemagtig in onderrig en kennis. 'n Totaal van 24 onderwysers en 129 leerders is aan hierdie opleiding blootgestel. Die moontlikheid word ondersoek om hierdie projek ook na ander distrikte binne KLK se bedieningsgebied uit te brei.

'n Totaal van R390 060 is aan die projek spandeer.

Wetenskapprojek
'n Suksesvolle Fisiese Wetenskap-opleidingseminaar is vir die eerste keer in September 2019 met KLK se ondersteuning by Hoërskool Upington aangebied.

Die seminaar is aangebied deur mnr. Andries Olivier, uit wie se pen verskeie wetenskaphandboeke en -leerplanne verskyn het. Twee-en-veertig Wetenskaponderwysers uit die ZF Mgcawu- en Namakwa-onderwysdistrik asook ses onderwysers uit Namibië het die weeklange seminaar bygewoon.

'n Totaal van R158 940 is aan die projek spandeer.

Leerling-motorwerktuigkundiges
Hierdie projek word in samewerking met MERSETA en die plaaslike FET Kollege bestuur. Daar is tans 4 leerlinge in opleiding: een by Nissan en drie by GM. Een leerder by GM het sy praktiese opleiding voltooi en moet net kwalifiseer. Die ander drie is nuut aangestel en vorder na wense.

Die totale koste om die projek vir die jaar te ondersteun, het R209 147 beloop.

E-afvalprojek
KLK het reeds in Oktober 2016 'n E-afval Herwinnings-projek geloods en het sedertdien 13.6 ton e-afval herwin, waarvan 2.4 ton tussen 1 Maart 2019 en 29 Februarie 2020 herwin is.

KLK het groen e-afval "wheelie bins" by al sy besigheidspunte in die Noord-Kaap geplaas en moedig die publiek aan om hul e-afval daar te deponeer vir herwinning. Daar is ook 'n groter selfhelpdiens-e-afvalhouer wat staan by KLK en *Build it* se ingang by Karakoelstraat 20, Upington.

Karoo "Zero Waste"-projek
KLK het R300 000 beskikbaar gestel om 'n rommel-herwinningsprojek in Calvinia van stapel te stuur. Landbouleiers van Calvinia gaan poog om die beplanning en operasionele bedryf van die dorp se herwinningsvullisterrein op 'n volhoubare wyse te bestuur.

Laat-droogte Herlewingsprojek
'n Belangrike projek wat ten doel het om die verlammende psigiese gevolge van die droogte en ernstige ontberinge en trauma in die oorlewingstryd aan te spreek, is in die beplanningsfase.

Die projek wat deur KLK en besorgde individue geloods en ondersteun word, wil hoopgewende hulp aan droogte-geteisterde boere in die Calvinia- en Karoogebied verskaf. Hierdie geaffekteerde boere sal landbou, tegniese, finansiële en beplanningsvoorligting ontvang.

'n Span van ervare kundiges word tans saamgestel om 'n deeglike en veelvlakkige analise te doen van vrywillige deelnemers se situasie, fisiese plaas, boerdery, finansiële en ook sosio-ekonomiese omstandighede om gevolglik 'n oorlewings-en-herlewingsplan daar te stel.

KLK het R290 000 beskikbaar gestel vir hierdie projek.

OUDIT-EN-RISIKOKOMITEEVERSLAG

Die Oudit-en-Risikokomitee van KLK Landbou Beperk en sy filiale lewer, ingevolge artikel 94(7) van die Maatskappywet 71 van 2008, verslag vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020.

LEDE VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

Drie van die vier lede van die Oudit-en Risikokomitee is onafhanklike, nie-uitvoerende direkteure van die Groep en bestaan uit:

Mnr. WSB du Toit
Mnr. CF Kruger (gekoöpteer op 12 September 2019)
Mnr. GC Olivier
Mnr. JPN Stander (Voorsitter)

Die samestelling, bevoegdhede, pligte en verantwoordelikhede van die Oudit-en-Risikokomitee is volledig in 'n formele handves uiteengesit. Die Oudit-en Risikokomitee evalueer jaarliks die toepaslikheid van sy handves, sowel as sy eie effektiwiteit en kundigheid en doen daaroor verslag aan die Direksie.

OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE-VERGADERINGS

Vier geskeduleerde vergaderings is gedurende die jaar onder oorsig gehou en bygewoon deur WSB du Toit (4), CF Kruger (2), GC Olivier (4) en JPN Stander (4).

Die Oudit-en-Risikokomitee funksioneer en verrig ook die pligte van die Risikokomitee, ondersteun deur terugvoering van die Maatskappy se Veiligheidskomitee en Bestuur.

Die Oudit-en-Risikokomitee vergader met die interne en eksterne ouditeure, ook sonder die teenwoordigheid van Bestuur. Daarbenewens hou die komitee toesig oor die samewerking tussen die interne en eksterne ouditeure en dien as skakel tussen die Raad van Direkteure en hierdie funksies.

Die onafhanklike eksterne ouditeure, sowel as die interne ouditeur het onbeperkte toegang tot die Oudit-en-Risikokomitee en die Voorsitter van die Oudit-en-Risikokomitee.

VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

Die bevoegdhede, pligte en verantwoordelikhede van die Oudit-en-Risikokomitee is deur die Direksie aan die komitee gedelegeer en volledig uiteengesit in 'n formele handves. Die komitee dien ook as Oudit-en-Risikokomitee van die filiale van KLK Landbou Beperk.

Die komitee is verantwoordelik vir die bespreking en evaluering van:

- die effektiwiteit van die interne en finansiële beheerstelsels en dat alle wesenlike finansiële risiko's geïdentifiseer is en bestuur word;
- die effektiwiteit van die interne ouditeure se ouditplan, ouditverslae en aanbevelings;
- die bevoegdheid van interne oudit en die toereikendheid van interne ouditpersoneel;
- die onafhanklikheid van beide die interne en eksterne ouditeure;
- die beleid en goedkeuring rakende die voorsiening van nie-ouditdienste deur die eksterne ouditeure;
- die eksterne ouditeure se ouditplan, aanstellingsvoorwaardes en vergoeding;
- die eksterne ouditverslae en aanbevelings;
- die Groep se nakoming van korporatiewe bestuur en beheer, risikobestuur en statutêre vereistes;
- die aanbeveling aan die aandeelhouers vir goedkeuring, vir die aanstelling van die eksterne ouditeure, sowel as die goedkeuring van eksterne ouditeure se vergoeding; en
- die afsonderlike en gekonsolideerde finansiële jaarstate, voordat die finansiële jaarstate deur die Direksie vir uitreiking gemagtig word.

INTERNE OUDIT EN FINANSIËLE KONTROLES

Die interne ouditfunksie behels die onafhanklike evaluering en verslagdoening rakende die interne finansiële kontroles en operasionele stelsels en fasiliteer die jaarlikse risikobeoordeling van die Maatskappy.

Die interne ouditplan asook die interne oudithandves, soos goedgekeur deur die Oudit-en-Risikokomitee, vervul 'n belangrike rol om aan die Oudit-en-Risikokomitee gerusstelling te gee dat voldoende beheermaatreëls in plek is en voldoende funksioneer ten einde 'n mening oor sleutelfunksies en verantwoordelikhede te kan vorm.

Gebaseer op die formeel gedokumenteerde interne finansiële beheerstelsels wat gebruik is deur die interne ouditfunksie gedurende die 2020 finansiële jaar, en na inagneming van inligting en verduidelikings verskaf deur Bestuur, sowel as besprekings met die eksterne ouditeure met betrekking tot die resultate van hul oudit, is die Oudit-en-Risikokomitee van mening dat die Groep se interne finansiële beheerstelsels effektief is.

EKSTERNE OUDITEURE

Die Oudit-en-Risikokomitee is tevrede, na evaluering en ondersoek, dat interne korporatiewe beheerstrukture binne Du Toit Van Den Heever die eksterne ouditeure se onafhanklikheid vertoon en ondersteun.

Die Oudit-en-Risikokomitee het in konsultasie met die Uitvoerende Bestuur ooreengestem oor die terme van die verbintenis, ouditplan en begrote fooie vir die 2020 finansiële jaar.

OUDIT-EN-RISIKOKOMITEEVERSLAG
VERVOLG

Die ouditfooi vir die eksterne oudit is oorweeg en goedgekeur met inagneming van faktore soos die tydsbestek, aard en omvang van die oudit soos vereis.

Alle nie-ouditdienste voorsien deur die eksterne ouditeure asook die toepaslike fooie is vooraf oorweeg en goedgekeur om te verseker dat die onafhanklikheid van die eksterne ouditeure gehandhaaf word.

Die komitee beveel aan dat die aandeelhouers die aanstelling van Du Toit Van Den Heever as die onafhanklike eksterne ouditeure en mnr. J van den Heever as die aangewese ouditvennoot vir die 2021 finansiële jaar, goedkeur.

LOPENDESAAKBEGINSEL

Die finansiële jaarstate is op die grondslag van die lopendesaakbeginsel opgestel. Die Oudit-en-Risikokomitee het die gedokumenteerde verslag wat deur Bestuur saamgestel is, bespreek en beoordeel en het alle rede om te glo dat die Maatskappy oor voldoende middele beskik om sy bedrywighede vir die afsienbare toekoms voort te sit.

AANBEVELING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR GOEDKEURING DEUR DIE DIREKSIE

Die Oudit-en-Risikokomitee het die jaarlikse finansiële jaarstate geëvalueer en is tevrede dat dit in alle wesenlike aspekte voldoen aan die Internasionale Rapporteringstandaarde (IFRS).

Die finansiële jaarstate is op 11 Mei 2020 na die Direksie aanbeveel vir goedkeuring.

Die komitee is tevrede dat die pligte en verantwoordelikhede, soos vervat in die handves, bevredigend afgehandel is. Die komitee wil ook die Bestuur van KLK bedank vir die tydigheid en volledigheid van die verslae waarop die komitee moet staatmaak.

Namens die Oudit-en-Risikokomitee

JPN STANDER
VOORSITTER: OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE
11 Mei 2020

VERKLARING DEUR MAATSKAPPYSEKRETARIS

Na my mening, as Maatskappysekretaris, bevestig ek ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008 (soos gewysig) dat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020, die Maatskappy alle opgawes soos van 'n publieke maatskappy vereis, by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat alle sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.

G MARQUARD
MAATSKAPPYSEKRETARIS
28 Mei 2020

VERKLARING VAN DIREKTEURSVERANTWOORDELIKHEID EN -GOEDKEURING

Die Maatskappywet 71 van 2008 vereis van direkteure om finansiële jaarstate vir elke finansiële jaar op te stel wat die stand van sake van die Maatskappy en die wins of verlies vir die periode redelik weergee.

In die voorbereiding van hierdie finansiële jaarstate word van die direkteure verwag om:

- toepaslike rekeningkundige beleid te bepaal en dit konsekwent toe te pas;
- gesonde oordeel te gebruik en ramings te maak wat redelik en omsigtig is;
- te meld of gestelde rekeningkundige standaarde gevolg is, behoudens enige wesenlike afwykings wat in die finansiële jaarstate geopenbaar en verduidelik word; en
- die finansiële jaarstate op die lopendesaakgrondslag op te stel, tensy dit nie toepaslik is om te veronderstel dat die Maatskappy sal voortgaan om sake te doen nie.

Die direkteure is verantwoordelik vir die handhawing van toereikende rekeningkundige verslae, sowel as die opstel en volledigheid van die finansiële jaarstate en verwante inligting. Die eksterne ouditeure is daarvoor verantwoordelik om onafhanklik verslag te doen oor die billike aanbieding van die finansiële jaarstate ten opsigte van Internasionale Ouditstandaarde. Die finansiële jaarstate is opgestel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Maatskappy se stelsel vir interne finansiële beheer. Dit is ontwerp om redelike, maar nie absolute sekerheid nie, ten opsigte van die betroubaarheid van die finansiële jaarstate te bied en bates toereikend te beveilig, te kontroleer en verantwoordelikheid daarvoor te handhaaf, sowel as om foutiewe verklarings en verlies op te spoor en te verhoed. Die direkteure is nie bewus van enige aspek wat 'n aanduiding kon wees dat enige wesenlike gebrek ten opsigte van die funksionering van dié beheermaatreëls, prosedures en stelsels gedurende die oorsigjaar plaasgevind het nie.

Die Groep finansiële jaarstate is op die lopendesaakgrondslag opgestel aangesien die direkteure alle rede het om te glo dat die Maatskappy oor voldoende middele beskik om sy bedrywighede vir die afsienbare toekoms voort te sit.

Die Groep finansiële jaarstate is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Du Toit Van Den Heever. Die onafhanklike ouditeure het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords insluitende alle notules van vergaderings van die Direksie, Bestuur, direksiekomitees en aandeelhouers. Die direkteure is van mening dat die voorlegging en bestuursverklarings wat aan die ouditeure gerig was, korrek, geldig en toepaslik was.

Na aanleiding van die COVID-19-pandemie en die gepaardgaande noodtoestand deur die Suid-Afrikaanse regering aangekondig, het die Direksie die moontlike impak op die lopende saak van die Maatskappy geëvalueer. Nadat alle moontlike beskikbare inligting in ag geneem is, en alhoewel die volle impak van COVID-19 onseker is, het die Maatskappy die nodige prosesse, planne en strukture in plek gestel om die impak van die pandemie te versag, en tot die gevolgtrekking gekom dat die COVID-19-gebeure nie die Maatskappy se likiditeit en langtermyn-winsgewendheid wesenlik nadelig sal beïnvloed nie.

Geen gebeurtenis het tussen die einde van die finansiële jaar en die datum van hierdie verslag plaasgevind wat die vertolking van hierdie verslag wesenlik beïnvloed nie.

Die ongekwalifiseerde verslag van die onafhanklike ouditeure verskyn op bladsy 16.

Die verkorte Groep finansiële jaarstate vir 2020 wat op bladsy 18 tot 21 verskyn, is op 28 Mei 2020 deur die direkteure goedgekeur en die volgende direkteure is gemagtig om die jaarstate namens die Direksie te onderteken.

JS MARAIS
VOORSITTER

JPN STANDER
VISE-VOORSITTER

ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG

Die verkorte Groep finansiële jaarstate, wat bestaan uit die verkorte Staat van Finansiële Posisie soos op 29 Februarie 2020 en verkorte State van Omvattende Inkomste, Verandering in Ekwiteit en Kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, is opgestel vanuit die geouditeerde Groep finansiële jaarstate van KLK Landbou Beperk vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020.

Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek oor hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate in ons verslag gedateer 28 Mei 2020.

Die verkorte Groep finansiële jaarstate bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en op die wyse wat deur die Suid-Afrikaanse Maatskappywet vereis word nie. Die lees van hierdie verkorte finansiële jaarstate kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde Groep finansiële jaarstate van KLK Landbou Beperk gesien word nie, welke state ter insae beskikbaar is op www.klk.co.za of by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy.

DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE FINANSIËLE JAARSTATE

Die Maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die verkorte Groep finansiële jaarstate vanaf die geouditeerde Groep finansiële jaarstate gedateer 28 Mei 2020, ooreenkomstig die vereistes van toepassing op verkorte finansiële jaarstate.

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n mening oor hierdie verkorte Groep finansiële jaarstate uit te spreek, gebaseer op ons prosedures wat ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde (ISA 810) uitgevoer is.

MENING

Na ons mening is die verkorte Groep finansiële jaarstate, opgestel vanaf die geouditeerde Groep finansiële jaarstate van KLK Landbou Beperk vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020, in alle wesenlike opsigte in ooreenstemming met daardie Groep finansiële jaarstate, ooreenkomstig die vereistes van toepassing op verkorte finansiële jaarstate.

ANDER VERSLAE WAT DEUR DIE MAATSKAPPYWET VEREIS WORD

As deel van ons oudit van die Groep en afsonderlike finansiële state vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 het ons die Direkteursverslag, die Oudit-en-Risikokomiteeverslag en die Verklaring deur die Maatskappysekretaris deurgelees om te bepaal of daar wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde Groep en afsonderlike finansiële jaarstate is.

Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die verskeie opstellers daarvan. Gebaseer op die lees van hierdie verslae het ons nie wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde Groep en afsonderlike finansiële jaarstate geïdentifiseer nie. Ons het hierdie verslae egter nie geoudit nie en spreek dienooreenkomstig nie 'n mening oor hierdie verslae uit nie.

VERSLAG VAN ANDER REGS- EN REGULATORIESE VEREISTES

In terme van IRBA-reël gepubliseer in die *Staatskoerant* Nr. 39475, gedateer 4 Desember 2015, rapporteer ons dat Du Toit Van Den Heever die ouditeure is van KLK Landbou Beperk sedert inkorporasie.

Du Toit van den Heever

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Ouditeure
Jaco van den Heever
28 Mei 2020

DIREKTEURSVERSLAG

Die direkteure bied hul jaarverslag, wat deel vorm van die Maatskappy en die Groep se finansiële resultate, vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 aan.

AARD VAN BESIGHEID

KLK is 'n landbougroep wat landbou- en landbouverwante produkte, dienste en benodighede aan hoofsaaklik die landbousektor in die Noord-Kaap verskaf.

Die onderskeie bedryfsaktiwiteite word volledig in hierdie finansiële jaarstate uiteengesit.

Geen wesenlike verandering in die aard van besigheid van die Groep het gedurende die jaar plaasgevind nie.

AANDELEKAPITAAL

Daar was geen verandering in die gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy gedurende die jaar onder oorsig nie.

Die gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy bestaan uit 30 000 000 gewone aandele van R1.00 elk. Daar is gedurende die jaar onder oorsig 6 060 aandele teruggekoop en gekanselleer, en tans is 17 175 331 gewone aandele uitgereik.

Senwes Beperk het gedurende die oorsigjaar 'n beherende belang van 57.67% in die KLK Groep verkry.

FINANSIËLE RESULTATE

Die verkorte Groep finansiële resultate, sonder aantekeninge, word vanaf bladsy 18 tot 21 uiteengesit. Die gekonsolideerde netto wins na belasting bedra R51 553 063 (2019: R52 105 082). Dit reflekteer 'n basiese verdienste per aandeel van 300.2 sent (2019: 303.3 sent).

DIVIDEND

In die lig van die onsekerheid en impak van die COVID-19-pandemie het die Direksie besluit en aanbeveel dat die dividend, met betrekking tot die gewone aandele van die Maatskappy, opgeskort word (2019: 73 sent).

VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

Op jaareinde is die transaksies tussen die Maatskappy en sy filiale, teen markwaarde aangepas vir afslag en kortings wat die wedersydse verhouding weerspieël, op R445 455 296 (2019: R628 295 131) bereken.

Die transaksies met direkteure het R34 974 856 (2019: R42 099 175) beloop.

BELANGE IN FILIALE

'n Uiteensetting van KLK Landbou Beperk se belange in filiale word skematies in hierdie verslag uiteengesit.

DIREKTEURE EN SEKRETARIS

Die name van die Maatskappy se Raad van Direkteure, Uitvoerende Bestuur en Maatskappysekretaris word op bladsy 3 aangetoon.

Tydens die vorige Algemene Jaarvergadering is mnre. JS Marais en GC Olivier tot die Direksie herkies vir 'n verdere driejaartermyn.

Mnre. CF Kruger, JDM Minnaar en F Strydom is as direkteure gekoöpteer vir 'n driejaartermyn.

Mnre. WSB du Toit en AR Kotze se ampstermyn verstryk ingevolge die Akte van Oprigting met die Algemene Jaarvergadering op 21 Julie 2020. Mnr. du Toit tree uit as direkteur en mnr. AR Kotze het homself weer verkiesbaar gestel.

Daar is slegs een nominasie vir verkiesing as direkteur tydens die komende Algemene Jaarvergadering ontvang:

- Mnr AR (Arend) Kotze

DIREKTEURE SE BELANGE

Op die datum van hierdie verslag besit die direkteure gesamentlik op direkte of indirekte voordelige wyse 999 of 0.005% (2019: 524 808 of 3.0%) gewone aandele in die Maatskappy.

WESENLIKE GEBEURE EN TRANSAKSIES

Geen gebeurtenis het tussen die einde van die finansiële jaar en datum van hierdie verslag plaasgevind wat die vertolking van hierdie verslag wesenlik beïnvloed nie.

Op 15 Maart 2020 het die Suid-Afrikaanse regering 'n ramptoestand afgekondig as gevolg van die COVID-19-pandemie. Die Staatspresident het 'n 21 dae grendelstaat ingestel vanaf 27 Maart wat verleng is tot 15 Junie 2020. Die Staatspresident het verder aangekondig dat die ekonomie vanaf 1 Mei 2020, op 'n risiko-gebaseerde benadering, heropen.

In Maart 2020 het die Raad van Direkteure van Carpe Diem (Edms.) Bpk. die oorblywende 37.5%-belang in Cool Raisins (Edms.) Bpk. gekoop. Cool Raisins (Edms.) Bpk. is gevolglik vanaf bogenoemde datum 'n volfiliaal van Carpe Diem (Edms.) Bpk.

KLK Landbou Beperk het die opsie uitgeoefen om 'n verdere 30.0%-belang in Carpe Diem Raisins (Edms.) Bpk. vanaf Van der Colff Beleggings (Edms.) Bpk. te koop. Hierdie ooreenkoms is in Junie 2020 onderteken. KLK Landbou Beperk sal sodoende 'n 80%-belang in Carpe Diem (Edms.) Bpk. bekom.

STATE VAN FINANSIËLE POSISIE
SOOS OP 29 FEBRUARIE 2020

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2020	2019	2020	2019
	R	R	R	R
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting	272 091 803	240 730 011	60 223 817	56 758 537
Reg van gebruiksbates	22 743 575	-	1 844 030	-
Beleggingseiendomme	1 110 360	3 210 360	1 110 360	1 110 360
Klandisiewaarde	32 001 831	32 001 831	-	-
Ontasbare bates	1	1	-	-
Beleggings in filiale	-	-	29 857 447	29 857 447
Uitgestelde belasting	11 922 870	13 705 647	7 263 654	4 685 358
	339 870 440	**289 647 850**	**100 299 308**	**92 411 702**
Bedryfsbates				
Voorraad	285 230 290	242 168 641	85 043 634	99 302 888
Lenings aan groepmaatskappye	-	-	19 268 267	32 174 529
Handels- en ander debiteure	137 614 671	137 406 392	43 406 243	42 828 392
Kontant en kontantekwivalente	93 255 614	63 094 858	38 790 925	15 681 439
	516 100 575	**442 669 891**	**186 509 069**	**189 987 248**
Totale Bates	**855 971 015**	**732 317 741**	**286 808 377**	**282 398 950**
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE				
Ekwiteit				
Aandelekapitaal	17 069 281	17 181 391	17 069 281	17 181 391
Verdeelbare reserwes	398 673 105	359 662 457	200 161 650	195 772 312
	415 742 386	376 843 848	217 230 931	212 953 703
Buiteaandeelhouersbelang	139 881 520	121 779 640	-	-
	555 623 906	**498 623 488**	**217 230 931**	**212 953 703**
Nie-bedryfslaste				
Uitgestelde belasting	22 773 446	17 842 806	2 305 456	1 863 707
Langtermynlenings	17 540 182	9 548 997	-	-
Huurverpligtinge: Reg op gebruiksbates	20 029 224	-	1 319 931	-
Uitgestelde staatsubsidie	10 476 952	10 851 895	-	-
	70 819 804	**38 243 698**	**3 625 387**	**1 863 707**
Bedryfslaste				
Bankoortrekkings	35 591 813	-	-	-
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	5 956 955	3 422 886	-	-
Korttermyngedeelte van huurverpligtinge	4 541 240	-	692 366	-
Korttermyngedeelte van uitgestelde staatsubsidie	1 480 389	1 209 522	-	-
Handels- en ander krediteure	181 956 908	190 818 147	65 259 693	67 581 540
	229 527 305	**195 450 555**	**65 952 059**	**67 581 540**
Totale laste	**300 347 109**	**233 694 253**	**69 577 446**	**69 445 247**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**855 971 015**	**732 317 741**	**286 808 377**	**282 398 950**

STATE VAN OMVATTENDE INKOMSTE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2020

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2020	2019	2020	2019
	R	R	R	R
Verkope	2 545 886 171	2 469 584 583	783 272 520	699 132 180
Koste van verkope	(2 069 398 370)	(2 015 610 893)	(693 579 212)	(610 325 203)
Bruto wins	**476 467 801**	**453 973 690**	**89 693 308**	**88 806 977**
Ander inkomste	21 002 050	17 609 451	20 644 021	18 441 114
Uitgawes	(380 419 019)	(353 899 410)	(119 769 899)	(107 927 291)
Bedryfswins	**117 050 832**	**117 683 731**	**(9 432 570)**	**(679 200)**
Beleggingsinkomste	6 849 172	5 609 308	25 852 534	34 806 056
Finansieringskoste	(12 575 745)	(6 087 411)	(245 966)	(36 492)
Wins voor belasting	**111 324 259**	**117 205 628**	**16 173 998**	**34 090 364**
Inkomstebelasting	(34 148 166)	(34 400 947)	757 755	(1 880 932)
Wins na belasting	**77 176 093**	**82 804 681**	**16 931 753**	**32 209 432**
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste	**77 176 093**	**82 804 681**	**16 931 753**	**32 209 432**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:				
Eienaars van die houermaatskappy	51 553 063	52 105 082	16 931 753	32 209 432
Buiteaandeelhouersbelang	25 623 030	30 699 599	-	-
	77 176 093	**82 804 681**	**16 931 753**	**32 209 432**

STATE VAN VERANDERING IN EKWITEIT
VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2020

	GROEP					
	Aandele-kapitaal	Reserwes	Verandering in eienaarskap	Totaal	Buite-aandeel-houers-belang	Totale ekwiteit
	R	R	R	R	R	R
Saldo op 1 Maart 2018	**17 181 391**	**319 470 473**	**(229 752)**	**336 422 112**	**93 434 524**	**429 856 636**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	52 105 082	-	52 105 082	30 699 599	82 804 681
Uitreiking van aandele	-	-	-	-	1 666 667	1 666 667
Dividende	-	(11 683 346)	-	(11 683 346)	(4 021 150)	(15 704 496)
Saldo op 1 Maart 2019	**17 181 391**	**359 892 209**	**(229 752)**	**376 843 848**	**121 779 640**	**498 623 488**
Terugkoop van aandele	(112 110)	-	-	(112 110)	-	(112 110)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	51 553 063	-	51 553 063	25 623 030	77 176 093
Dividende	-	(12 542 415)	-	(12 542 415)	(7 521 150)	(20 063 565)
Saldo op 29 Februarie 2020	**17 069 281**	**398 902 857**	**(229 752)**	**415 742 386**	**139 881 520**	**555 623 906**

	MAATSKAPPY		
	Aandele-kapitaal	Reserwes	Totale ekwiteit
	R	R	R
Saldo op 1 Maart 2018	**17 181 391**	**175 246 226**	**192 427 617**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	32 209 432	32 209 432
Dividende	-	(11 683 346)	(11 683 346)
Saldo op 1 Maart 2019	**17 181 391**	**195 772 312**	**212 953 703**
Terugkoop van aandele	(112 110)	-	(112 110)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	16 931 753	16 931 753
Dividende	-	(12 542 415)	(12 542 415)
Saldo op 29 Februarie 2020	**17 069 281**	**200 161 650**	**217 230 931**

STATE VAN KONTANTVLOEI
VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2020

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2020	2019	2020	2019
	R	R	R	R
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite				
Kontant gegenereer deur bedrywighede	85 543 499	99 956 648	15 275 212	(11 832 791)
Beleggingsinkomste	6 849 172	5 609 308	25 852 534	34 806 056
Finansieringskoste	(12 575 745)	(6 087 411)	(245 966)	(36 492)
Belasting betaal	(26 790 057)	(34 161 182)	(1 670 178)	(2 524 657)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**53 026 869**	**65 317 363**	**39 211 602**	**20 412 116**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite				
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(50 555 408)	(47 536 200)	(7 285 478)	(9 508 668)
Verkryging van klandisiewaarde	-	(3 333 334)	-	-
Lenings aan groepmaatskappye	-	-	3 960 793	(12 305 300)
Verkryging en verhoging van belange in filiale	-	(1 666 667)	-	(1 666 667)
Verkoop van beleggingseiendom	2 100 000	-	-	-
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	1 363 494	2 431 309	443 008	287 882
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(47 091 914)**	**(50 104 892)**	**(2 881 677)**	**(23 192 753)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite				
Aandele teruggekoop	(112 110)	-	(112 110)	-
Aandele-uitreiking	-	3 333 334	-	-
Staatsubsidie ontvang	1 912 401	4 592 868	-	-
Verkryging/(terugbetaling) van langtermynlenings	10 525 254	(6 507 792)	-	-
Terugbetaling van huurverpligtinge	(3 627 992)	-	(565 914)	-
Dividende betaal	(20 063 565)	(15 704 496)	(12 542 415)	(11 683 346)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**(11 366 012)**	**(14 286 086)**	**(13 220 439)**	**(11 683 346)**
Totale toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	**(5 431 057)**	**926 385**	**23 109 486**	**(14 463 983)**
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	63 094 858	62 168 473	15 681 439	30 145 422
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**57 663 801**	**63 094 858**	**38 790 925**	**15 681 439**
Kontant en kontantekwivalente	93 255 614	63 094 858	38 790 925	15 681 439
Oortrokke bank	(35 591 813)	-	-	-
	57 663 801	**63 094 858**	**38 790 925**	**15 681 439**

NOTAS

NOTAS


transOranje
drukkers printers